# Lesing 06.03.2018 - Die Antichris DEEL 7

Geloofstryd – Antichris

***Februarie 1957***

Hoe nader die einde kom, des te heftiger sal die stryd tussen Lig en duisternis ook ontbrand, maar al die verskrikkinge van die stryd sal julle eers raak wanneer hy homself teen My aanhangers rig. Wanneer die geloof aan My in JaHshua Messias (Jesus Christus) verdring sal word en die Verlossingswerk die aanvalsdoelwit van My teëstander sal word. Wanneer die mense tot `n openlike belydenis van hulle geloof opgeroep sal word en `n afsweer van die geloof met die brutaalste middele afgedwing sal word.

Dan eers breek die tyd van nood en ellende aan wat Ek Myne beloof het om te verkort, want dan eers word die woede van My teëstander duidelik en die mense ken geen remming meer nie. Hulle sal vir niks terugdeins nie, omdat hulle deur Satan aangespoor sal word en sal hulleself geheel aan sy wil oorgee. Laat dit vir julle gesê word dat daar nie meer baie tyd sal verloop voor die geloofstryd nie, waar vooraf nog groot nood oor die aarde sal kom oor die wat egter `n ander uitgangspunt sal hê, wat die mense deur My wil sal tref, sodat hulle reeds deur nood hulle geloof kan bewys of kan versterk. Vir baie mense in nood sal dit wel, wanneer `n natuurgebeurtenis van groot omvang die mense tref, aanleidend wees om die geloof aan te val, omdat hulle nou eers erg aan `n Elohim en Skepper gaan twyfel wat Self vernietig wat Hy geskape het.

Maar vir wie in die Waarheid onderrig is, is daar ook vir alles `n korrekte verklaring. En as hy die Waarheid aan sy medemens deurgee, kan dit in die daaropvolgende geloofstryd veeleer tot `n sterk geloof voer, wat ook stand sal hou in alle verdrukkinge waaraan die gelowiges blootgestel sal wees. Dat die meeste mense egter geen lewende geloof meer sal hê nie, is die werk van My teëstander, wat nie sal ophou om teen My en die Waarheid in te gaan nie. Hy sal by die mense meer sukses hê as die aanhangers van die suiwer Waarheid, die ware verdedigers van die leer van die Messias - want aan hulle sal nog selde geloof geskenk word.

Die teëstander kan die mense aanbied wat hy wil en dit sal aanvaar word. Daarom moet daar vooraf al `n suiwering kom en elkeen moet homself oopmaak en vry uitspreek, vir of teen My. En elkeen moet persoonlik die beslissing neem in die komende tyd van nood wat deur My wil oor die aarde sal kom, want wanneer Ek sal spreek deur die geweld van die natuur , sal almal voor die beslissing staan om My om hulp aan te roep, of homself geheel van My af te sonder, dit wil sê om julle by My teëstander aan te sluit.

Maar kom daar nog eenmaal die beslissing wat openlik geneem moet word; dit sal in die laaste geloofstryd op aarde van julle mense vereis word om getuienis af te lê van My in JaHshua Messias (Jesus Christus) of om My te verloën. Dan sal julle weet dat julle deur My in die Waarheid onderrig word en dat die einde gekom het, dat Ek die dae sal verkort ter wille van Myne en dat Ek self sal kom om hulle by te staan en te verlos uit hulle nood. Dat Ek hulle sal opneem vanaf die aarde en bring na `n Oord van Vrede, voordat Ek die vernietigingswerk volbring wat `n einde vir al die geskapenes op die aarde beteken.

As julle dit tog maar wil glo wat Ek steeds weer aankondig, want die toestand op aarde moes julle reeds bewys het dat My teëstander daar huishou, omdat hy weet dat hy nie meer baie tyd het nie. En dat My teëstander woed en die aarde deur synsgelykes bevolk is, hulle is deur julle almal te herken en sou julle tot nadenke moet stem.

Elke dag is nog `n barmhartigheid vir die mense, want ook die mees verdorwe mens het nog die moontlikheid om homself te verander en voor die einde die geloof in My te verkry. Ek sal alles probeer om nog voor die einde siele aan My teëstander te ontruk en wie in My glo sal salig word, maar die ongelowiges moet die lot deel van hom vir wie hulle vrywillig gevolg het.

Maar julle, My kinders, wees nie bevrees nie, want ook in die komende tyd van nood sal dit julle aan niks ontbreek nie, selfs as die aardse julle ontneem word wat julle vir die lewe nodig het. Want sodra julle glo dat Ek Self vir julle sal sorg wanneer julle vervolg sal word ter wille van My Naam, hoef die maatreëls van julle vyande julle nie meer te verskrik nie. Wat hulle van julle sal afneem, sal julle van My af terug ontvang, al is dit in `n ander vorm. Maar aardsgewys sal julle niks tekort kom nie, omdat Ek julle honger self sal stil. Want kyk na die voëls in die lug, hulle saai nie en maai nie, hulle versamel nie in die skure nie en tog voed julle Hemelse Vader hulle.

Dink aan hierdie woorde, dink daaraan dat Hy wat alles skep, ook kan onderhou wat Hy geskape het, en ook sekerlik sal help as Syne in nood verkeer.

Maar die tyd sal kom waarin mense julle deur brutale maatreëls sal wil dwing om van julle geloof af te val, en wie swak van geloof is, sal geen stand kan hou teenoor hul maatreëls nie. Dit is sterk geloofsbeproewinge wat julle opgelê sal word en vir die tyd wil Ek julle toeberei, want dan kan julle ook vir julle medemens `n ligtende voorbeeld wees. Julle sal hulle kan bewys wat `n sterk geloof kan vermag en dat julle leef, ofskoon alles wat julle nodig het om te lewe, van julle ontneem is.